hy was ná die tyd daar. Die dag van die begrafnis toe ek vanuit Vuyo se huis moes uitsaai toe sy lyk daar aangebring is, was onbeskryflik moeilik. Die vervaardigers wou hê ek moes oor die gedreun van die lykswa praat en vir die eerste keer in my loopbaan het ek die mikrofoon op die vloer neergesit en weggestap. Marc was die oggend saam met my daar en het my bygestaan."

## HARTSMENSE

Dis duidelik dat Leanne en Marc, wat al 16 jaar saam is, 'n spesiale verhouding het. Tydens die *Goeie Huishouding*-onderhoud en -fotosessie het Leanne gedurig haar selfoon vir boodskappe van Marc dopgehou – hulle bel en stuur heeldag vir mekaar boodskappe. "Doen almal dit nie?" vra sy geamuseerd. Hulle het mekaar ontmoet toe Leanne nog gestudeer het en 'n kelnerin by 'n restaurant in Blackheath in Johannesburg was en Marc, wat die eienaar geken het, gereeld daar kom kuier het. Ná haar studies het sy saam met vriende oorsee gaan reis en sewe jaar later het sy en Marc mekaar weer op eie bodem raakgeloop. "Ons het begin gesels, hy het my nommer gevra en toe is die skoot deur."

"Ek is 'n tipiese Weegskaal; hy 'n Maagd," sê sy. Sy beskryf haarself as besluiteloos, 'n bietjie ongeorganiseerd en iemand wat haar oor alles en almal bekommer. "Ek vaar baie beter as ek op die ingewing van die oomblik leef. Ek maak Marc se hele lewe 'n chaos. Hy organiseer basies ons lewe." Marc, wat die praktiese sake hanteer, oorsien tans die opknapping van hul huis; Leanne beplan hul vakansies en oorsese reise. "Ons is teenoorgesteldes, maar dit werk. Hy maak my ernstiger en ek maak hom plesieriger."

Met ewe veeleisende werke het sy en Marc 'n behoorlike huishoudelike stelsel nodig. Aangesien Leanne 04:00 opstaan en Marc 06:30 werk toe ry, maak hul inwonende huishulp, Lenah Molopa, vir Alexandro ontbyt en kry hom gereed vir skool. Wanneer Leanne rondom 10:00 weer by die huis is, kan sy gaan gim, haar geskenkwinkel, Simply Manas, besoek (ja, sy's ook 'n sakevrou!) en Alexandro by die skool gaan haal en na sy swemlesse neem. Sy probeer deesdae seker maak dat sy middagete saam met haar kinders eet en die namiddag saam met hulle deurbring. "Familie is vir ons baie belangrik," sê Leanne, wat in dieselfde Northcliff-behuisingskompleks as haar broer woon en wie se ma, Vida, en skoonma, Connie, albei naby aan hulle woon. Hulle maak beurte om die kinders by die skool te gaan aflaai.

"Wanneer jy 'n ma word, gee jy ook geboorte aan skuld. Ek voel skielik oor alles skuldig. Álles!" bieg sy. "Maar dis alles die moeite werd wanneer jou kinders na jou aangehardloop kom en hulle vir jou lief is. Ek sien hulle nie so baie soos ek graag wil nie, maar die tyd wat ek wel met hulle deurbring, is ware gehaltetyd." Smiddae neem Leanne gewoonlik vir Gabi en Alexandro om by maatjies te gaan speel, saam met vriende in die buurt te kuier en die eende in die kompleks te voer.

> "Ons is teenoorgesteldes, maar dit werk. Hy maak my ernstiger en ek maak hom plesieriger"

Teen 18:00 is almal by die huis. "Omdat ons albei so bedrywig is, kook Lenah meestal die kos, hoewel ek en Marc soms saam kosmaak. Maar die dae van aansit en 'n fynproewersmaaltyd geniet, is ongelukkig verby. Ons bestuur ons huis saam; ons is 'n goeie span." Marc is 'n "fenomenale pa" en doodgelukkig om op babadiens te wees – selfs vir dae aaneen, indien nodig – en om doeke om te ruil en die kinders uit te neem.

"Dis 'n balanseertoertjie," sê sy. "Maar op een of ander manier kom jy aan die einde van die dag: Almal is in die bed, almal het geëet en dis oukei."

Hoewel hulle die kinders vir vakansies na die Magaliesberge of Sun City neem en elke Desembervakansie saam met dieselfde gesinne in Umzumbe aan die KwaZulu-Natalse kus deurbring, is oorsese vakansies die paartjie se manier om hul band te versterk. "Jy kom op 'n punt waar julle soos twee skepe in die nag is: Wanneer hy opstaan, is ek reeds werk toe. Ons is vodde wanneer ons by die huis kom; ek raak aan die slaap terwyl ek vir my seun 'n storie lees. Teen die tyd dat ons in die bed val, is dit dít. Vir ons is die beste medisyne om weg te gaan en tyd saam deur te bring."

Een maal per jaar los Leanne en Marc die kinders by die oumas en gaan toer vir twee weke oorsee. Verlede jaar het hulle sy 40ste verjaardag met 'n bootreis na Venesië, Dalmasië en Griekeland gevier; vanjaar gaan hulle dalk Leanne se 40ste in New York vier, waar haar beste vriendin woon. "Ek's 'n reisverslaafde," sê sy. "Reis is my swak punt én passie in die lewe." Hulle gaan ook gereeld op aandjies uit, gewoonlik vir garnale by die informele Portugese restaurant 1920 in Ferndale.

## HAAR GEWIG IN DIE KOLLIG

Omdat sy in die openbare oog is, erken Leanne sy voel gedruk om goed te lyk, maar sy sê ook sy het nog altyd 'n probleem met haar gewig gehad. Gedurende haar tien jaar as die aanbieder van 'n oggendprogram was sy "maer, mooi en glansryk" met haar troue, toe het sy met haar eerste swangerskap "uitgesit", die gewig afgeskud en dit weer met haar tweede baba aangesit. "Ek het dit alles voor die nasie gedoen. Dis 'n ervaring wat jou aarde toe bring, maar ek het nog nie eintlik negatiewe terugvoering gekry nie. Ek dink Suid-Afrikaners hou →